



Tuinmaak met David

Oudhede kan jou inspireer tot nuwe tuinmaak-kreatiwiteit

Rubrieke

'n Koelteboom in die hoek van die tuin waaronder niks wil groei nie, is die ideale stoorplek vir allerhande items waaroor ons te sentimenteel is om dit weg te gooi en dit eerder wil hou – vir watter rede ook al en wie weet vir hoe lank.

Opgaar goed vermeerder sommer van self met tyd en voor jy iets kan sê, verander dit in 'n berg rommel én 'n plek waar allerhande dinge uitbrou en katta kleintjies kry. Die beste ding wat egter hier tussen al die ongebruikte items kan "uitbrou", is kreatiwiteit.

Sommige lede van 'n egpaar sien só 'n berg items as 'n molshoop en glad nie as 'n probleem nie. Indien jy egter die ander lid van die egpaar is, is 'n goeie wenk om stelselmatig van die items ontslae te raak sodat jou eggenoot dit nie agterkom nie. Om van alles op een slag ontslae te raak, gaan net op 'n argument afstuur!

Jy kan egter ook rondkrap tussen die items en met kreatiewe oë daarna kyk en alternatiewe gebruike daarvoor soek. Dikwels lê daar soveel potensiaal versteek in oudhede wat weer opnuut gebruik kan word deur nuwe lewe daaraan te gee.

Herwinning is die nuutste tendens regoor die wêreld en veral oudhede en items met karakter, is baie gesog. Daar bestaan 'n groot mark vir unieke,

karaktervolle items wat 'n mens die idee gee dat dit regtig skaars is en al van een generasie na 'n ander oorgedra is, voor dit 'n rusplek in jou tuiste gekry het.

Selfs in winkels wat binnenshuise items verkoop, kan 'n mens gou dié modeneiging agterkom. Dikwels word splinternuwe items se waarde verhoog deur dit oud te laat lyk omdat daar so 'n groot aanvraag daarna is. Baie moeite word ingesit om die effek so natuurlik as moontlik te laat lyk.

Jou "onbruikbare" hoop items (onder die boom in die hoek waar niks wil groei nie) is dalk meer werd as wat jy dink. Hier het Moedernatuur jou produkte sommer self op 'n natuurlike wyse verweer om aan elke item sy eie karakter te gee.

Oudhede werk veral goed in 'n ontwerp as dit in kontras staan met die res.

So kan 'n ou trollie waarvan die verf al goed afdop en die wiele al ordentlik geroes het, nuwe lewe kry deur 'n dik glasblad daarop te plaas en dit as 'n tafel op die patio te gebruik. Kombineer dit dan met 'n baie eksotiese teestel om die delikaatheid van die breekware te beklemtoon deur die growwe kontras wat die tafel skep.

Vervolg op bladsy 63

Aitsa! Oudhede trek 'n nuwe baadjie in die tuin aan.

